higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT(BEROEPSGERIG)

HANDVERVAARDIGING
NKR VLAK 2

(6030092)

9 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 1 addendum.

330Q1S2009

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Alle tekeninge moet netjies en volledig benoem word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verduidelik die basiese noodhulpprosedures wat jy moet volg as iemand verstik (5)

1.2 Teken 'n volledig benoemde basiese diagram om die noodsaaklike goed te beskryf wat nodig is om 'n brand te stig en dit aan die brand te hou. (4)

1.3



[Source: *https://www.google.co.za/search?q=hazardous+acts+in+a+workplace*]

FIGUUR 1

Identifiseer SES gevaarlike optredes wat in FIGUUR 1 gewys word (6)

[15]

VRAAG 2

2.1 Noem SES tekeninstrumente wat vir tegniese tekeninge gebruik word. (6)

2.2 Teken simbole om die verskil tussen *eerstehoekse ortografiese projeksie* en *derdehoekse ortografiese projeksie* te verduidelik. (2 + 2) (4)

[10]

VRAAG 3

3.1



FIGUUR 2

Gee die lesing wat deur die pyltjie op die noniusboog in FIGUUR 2 aangedui word. (1)

3.2 Noem VIER maniere om 'n maatband te versorg. (4)

3.3 Teken 'n diagram met volledige benoemings om te verduidelik hoe om na te gaan of 'n groot werkstuk haaks is. (5)

3.4 Verduidelik die term *soliede stempels*. (3)

3.5 Teken diagramme met volledige benoemings om die verskil tussen VIER soorte metaalbeitels aan te dui. (4 × 3) (12)

[25]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik DRIE voordele van 'n elektroniese gesigskerm wanneer boogsweiswerk gedoen word. (3 × 2) (6)

4.2 Teken TWEE simbole om die verskil tussen *rondomsweis* en *terreinsweiswerk* aan te dui. (2 + 2) (4)

4.3 4.3.1 Noem DRIE sweisleidings wat vir boogsweising gebruik word. (3)

4.3.2 Verduidelik die doel van elk van die sweisleidings wat in VRAAG 4.3.1 genoem word. (3 × 2) (6)

4.4 Teken DRIE diagramme vir V-sweising aan beide kante en dui detail, deursnit en elevasie aan. (3 × 2) (6)

4.5 Noem die faktore wat oorweeg moet word om die regte soldeerbout te kies. (5)

[30]

VRAAG 5

5.1



FIGUUR 3 (12)

Verwys na FIGUUR 3 en voltooi die werksplan om die masjiensleutel te vervaardig op die ADDENDUM (aangeheg). Die grootte van die sagte staal blok is 55 mm × 15 mm × 10 mm.

5.2 Verduidelik die verhitting van metaal. (3)

5.3 Gee VYF voordele van nette en ordelike huishouding. (5)
[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM

EKSAMENNOMMER:

VRAAG 5.1
Dien die ADDENDUM saam met die ANTWOORDBOEK in.

Werksplan

Naam:			
Naam van taak:			
Begindatum:		**Einddatum:**	

Materiaalkostelys

Onderdeel-naam:	**No:**	**Materiaal**	**Grootte:**	**Eenheidskoste**	**Totale koste:**

Prosedureplan

Noem al die werksaamhede wat uitgevoer moet word in die regte volgorde en noem die gereedskap en toerusting wat nodig is om die werkstaak volgens die plan te verrig.

Item	**Werksaamheid**	**Gereedskap**

[12]

Kopiereg voorbehou